



Ondersteun asseblief die Tuksbeursfonds

Help om 'n vlam aan te steek wat
vir baie geslagte helder sal brand!



UP Visekanselier laat Tuksbeursfonds van stapel loop

UP se Visekanselier en Rektor, Professor Cheryl de la Rey, was die eerste persoon wat geld aan die nuut-gestigte Tuksbeursfonds geskenk het. Die doel van dié baanbrekersinisiatief is om talentvolle en verdienstelike studente vanuit alle agtergronde te ondersteun sodat hulle by die Universiteit kan inskryf – en hul studies kan voltooi – sonder om druk te ervaar vanweë kwellinge dat hulle nie die fooie sal kan bekostig en hulself nie sal kan onderhou nie.

Talle verdienstelike studente word aan bande gelê omdat hulle nie hoër onderwys kan bekostig nie. Die gevolg is dat die land as ontnem word van die bydraes wat hulle sou kon lewer indien hulle toegang tot verdere studie gehad het en by magte was om dié studie te voltooi.

Die Tuksbeursfonds is ontwerp as 'n strategiese, langtermynoplossing om te help om die finansiële spanning as gevolg van 'n gebrek aan fondse vir tersiëre opleiding te verlig.

Die Universiteit van Pretoria is daartoe verbind om studente akademies en andersins te ondersteun en om hulle te help om die meeste te maak van die geleenthede wat 'n hoër opleiding bied om hul talente optimaal te ontwikkel. Professor Cheryl de la Rey rig 'n versoek aan al die personeellede, studente en alumni van die Universiteit van Pretoria om, soos sy, 'n gereelde bydrae te maak en daardeur studente se kansen op sukses te verhoog.

Vriende van die Universiteit, nywerheidsvennote, ouers en lede van die publiek word ook aangemoedig om by te dra tot die bestendige groei van dié fonds.

Die Tuksbeursfonds – u vrygewigheid in aksie

Ongeag hoeveel u skenk – of dit nou 'n paar rand per jaar of honderdduisend of meer is – wil ons u verseker dat die Universiteit van Pretoria en die verdienstelike studente wat daardeur bevoordeel word u ondersteuning opreg waardeer.

Die Tuksbeursfonds is ontwerp om skenkings in vier kategorieë te erken en daarop te reageer, soos in die tabel hieronder uiteengesit word. Staan asseblief 'n bietjie tyd af om uit te vind hoe u 'n groot verskil in die lewe van die volgende geslag Suid-Afrikaanse leiers kan maak.

[Klik hier vir die PDF brosjure](#) (Slegs in Engels beskikbaar) (528Kb)

[Betalingsinligting](#) (EFO, kredietkaart en direkte deposito's)

BYDRAER

Studente wat oorbruggingsfinansiering benodig om gebeurlikhede te dek wat andersins hul akademiese vordering kan ontwig, bv die betaling van registrasiegelde of aankoop van handboeke.

Minder as R5 000 per jaar.

Skenk

ONDERSTEUNER

NSFAS*-studente wat bykomende befondsing benodig Prestasietoekennings vir suksesvolle studente, bv nominale akademiese merietetoekennings.

Tot R30 00 per jaar.

Skenk

> BEGUNSTIGER

Voorgraadse beurse vir studente wat nie vir ondersteuning deur NSFAS* kwalifiseer nie, of wie se families geen finansiële bydrae kan maak nie Prestasietoekennings vir suksesvolle studente, bv substantiewe akademiese merietotoekennings.

Tot R100 00 per jaar.

Skenk

> WELDOENER

Volle studiebeurse vir voor- of nagraadse studente Benoemde toekennings/pryseSkenkerkontak met beurshouers deur middel van internskappe/mentorskappe en/of werwingsinisiatiewe.

Meer as R100 000 per jaar.

Skenk

> ALGEMEEN

Skenkers van nie-aangewese fondse kan hul skenkings by wyse van ©° maandelikse debietorder of aanlynbetaling maak.

*Let asseblief daarop dat 'n Afdeling 18(A)-belastingcertifikaat op versoek beskikbaar is vir alle skenkers aan die **Tuksbeursfonds** beskikbaar is.)*

Skenk

* Studielenings (of beurse) van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente van Suid-Afrika (NSFAS) word toegeken aan individue wat nie oor die finansiële middele beskik om vir hul eie studie te betaal nie en/of nie toegang tot finansiering deur 'n bank, studielenings of beurse het nie.